

Junie 2017

REKENAARTOEPASSINGSTEGNOLOGIE

Graad 10

Vraestel 2 – Geskrewe

TYD: 2 URE

PUNTE: 100

Hierdie vraestel bestaan uit **10** bladsye (voorblad ingesluit)

Instruksies en inligting

1. Hierdie vraestel bestaan uit drie afdelings: Afdeling A (20 punte) en Afdeling B (80 punte).
 2. Beantwoord al die vrae.
 3. Lees die vrae versigtig, en let op na die punttoekennings. In die algemeen word een punt per feit toegeken. 'n Vraag vir twee punte sal dus twee feite vereis, ens.
 4. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in die vraestel gebruik word.
 5. Laat 'n reël na elke subvraag oop.
-

AFDELING A

Vraag 1

Identifiseer die korrekte antwoord vir elke vraag. Skryf slegs die nommer van elke vraag neer, met die enkele *hoofletter* wat die beste antwoord verteenwoordig langsaan, byvoorbeeld 1.11 A.

- 1.1 Watter een van die volgende is NIE 'n element in die inligtingverwerkingsiklus nie?
A. Verwerking
B. Toevoer
C. Kommunikasie
D. Laai (*Boot*) (1)
- 1.2 Watter een van die volgende pas nie by die ander nie?
A. Internet Explorer
B. Ubuntu
C. macOS Sierra
D. Windows 10 (1)
- 1.3 Watter een van die volgende verwys na die 'opeenvolging' van lêergidse wat na die plek lei waar 'n spesifieke lêer gevind kan word?
A. Hiërargie
B. Lêerpad (*path*)
C. Lêeruitbreiding
D. Sublêergids (1)
- 1.4 Watter een van die volgende stellings oor IKT-stelsels is ONWAAR?
A. Data kan vir verwerking gestuur word soos dit versamel word.
B. Die gebruiker is 'n belangrike deel van 'n IKT-stelsel.
C. Die debitering van bankrekeninge is een van die verwerkings in 'n POS-stelsel.
D. Die gebruik van IKT vermeerder die gebruik van bronne soos papier. (1)

- 1.5 Watter een van die volgende word NIE met die skuif van teks in 'n woordverwerker geassosieer nie?
- Clipboard
 - Paste
 - <Ctrl><C>
 - Keep Text Only
- (1)
- 1.6 Watter een van die volgende verwys na 'n ikoon op die werkskerm wat 'n klein gebuigde pyltjie in die onderste linkerkantste hoek het?
- Tooltip
 - GUI
 - Live tile
 - Kortpad (*Shortcut*)
- (1)
- 1.7 Watter een van die volgende verteenwoordig die kleinste hoeveelheid stoor?
- 1 024 kilobytes
 - 1 000 000 bytes
 - 2 megabytes
 - 1 gigabyte
- (1)
- [7]**

Vraag 2

Sê of elkeen van die volgende stellings WAAR of ONWAAR is.

As die stelling ONWAAR is, skryf die woord 'Onwaar' neer, en langs dit die woord(e) wat die onderstreepte woord(e) moet vervang om die stelling WAAR te maak. (Let op dat geen punte toegeken sal word as 'Onwaar' sonder 'n voorgestelde vervanging gegee word nie.)


Voorbeeld 1: 'n Drukker is 'n voorbeeld van 'n afvoertoestel.

Antwoord: Waar

Voorbeeld 2: 'n Drukker is 'n voorbeeld van sagteware.

Antwoord: Onwaar – hardware.

- 2.1 Die taakbalkie in Windows-programme vertoon die naam van die lêer en die program waarin jy werk. (1)
- 2.2 Die Windows-sleutel neem 'n 'foto' van alles op die skerm en plaas dit op die *clipboard*. (1)
- 2.3 Die Windows-kontrole wat hieronder gewys word is 'n voorbeeld van 'n spinner. (1)



- 2.4 WinRAR is 'n nutsprogram wat lêers saampers of weer na normale grootte herstel. (1)
- 2.5 ATM is 'n manier om betalings via die internet te doen. (1)

[5]

Vraag 3

Skryf slegs die *nommer* van die beskrywing in Kolom A neer, en langsaan die korrekte *hoofletter* van Kolom B wat daarby pas, byvoorbeeld 3.11 T.

Kolom A	Kolom B
3.1 'n Wettige ooreenkoms wat beskryf wat mens met 'n sagtewarepakket mag en nie mag doen nie	A. <i>Trackball</i>
3.2 'n Sensor op 'n mobiele toestel soos 'n slimfoon	B. DIMMs
3.3 'n Kortpadsleutel gebruik om 'n aksie te 'undo'	C. iOS
3.4 'n Toevoertoestel wat saam met 'n druksensitiewe grafikablad (<i>digitising tablet</i>) gebruik word	D. Kopiereg
3.5 'n Soort sagteware wat gebruik word om beelde (<i>images</i>) van teks om te skakel na teks wat in 'n woordverwerker geredigeer kan word	E. A15
3.6 'n Datawaarde wat deur <i>Excel</i> as 'n numeriese waarde vertolk word	F. <Ctrl><Y>
3.7 'n Voorbeeld van 'n toegewyde toestel	G. Slimfoon
3.8 'n Soort geheue wat die instruksies bevat wat die rekenaar benodig wanneer dit aangeskakel word	H. GUI
	I. iPod
	J. ROM
	K. Elektroniese kompas
	L. Stilus
	M. <Ctrl><Z>
	N. EULA
	O. MICR
	P. 18 Feb
	Q. OCR

[8]

AFDELING B

Scenario

Jou oom vra jou om hom Saterdagoggende by sy rekenaarwinkel te help. Daar is ook 'n internetkafee bestaande uit vier netwerkrekenaars. Mense kan dit gebruik om die web te deursoek en hul e-posse na te gaan. Mense kan ook ongebruikte en stukkende elektroniese apparaat vir herwinning by die e-rommeltoonbank laat.

Vraag 4 – Hardware (1)

Bestudeer die spesifikasies in die advertensie vir 'n rekenaar en beantwoord die vrae wat volg:

15.6" Full HD (1920 x 1080)
display
Intel Core i7 up to 3.5 MHz
16 GB RAM
1 TB hard drive
No optical drive
Fingerprint reader
Bluetooth, 2 x USB, 1 x
HDMI
Built-in card reader
4 Cell battery

- 4.1 Verduidelik kortliks hoe (en in watter eenheid) die grootte van 'n monitor gemeet word. (2)
- 4.2 Na watter spesifikasie van 'n monitor verwys die syfers 1920 x 1080? (1)
- 4.3 Gee die alledaagse term vir die item waarna die 'Intel Core i7'-spesifikasie verwys. (1)
- 4.4 Kan 'n eksterne hardeskyf aan hierdie rekenaar gekoppel word? Motiveer jou antwoord deur na die spesifikasies te verwys. (1)
- 4.5 Wat is die naam van die hardware-item binne die rekenaarkas wat dit moontlik maak vir al die dele van die rekenaar (RAM, hardeskyf, USB-poorte, ens.) om met mekaar te kommunikeer? (1)
- 4.6 Hoekom is dit nodig dat hierdie rekenaar (en elke rekenaar) baie meer stoor- as geheuespasie moet hê?
Motiveer jou antwoord deur te verwys na die verskillende rolle wat stoor en geheue in die werking van 'n rekenaar speel. (2)
- 4.7 Gee TWEE verskille tussen geheue en stoor in terme van koste en spoed. (2)
- 4.8 Gee EEN rede waarom optiese aandrywers nie meer algemeen gebruik word nie. (1)
- 4.9 Gee die algemene naam van die soort identifikasie wat die vingerafdrukleser (*Fingerprint reader*) uitvoer, en verduidelik hoekom hierdie soort sekuriteit veiliger of beter is as om wagwoorde te gebruik. (2)
- 4.10 Watter randtoestel konnekteer met die rekenaar via die HDMI-poort? (1)
- 4.11 Gee EEN voordeel van die gebruik van 'n kaartleser, in plaas van Bluetooth of 'n kabel, om foto's van 'n digitale kamera na 'n rekenaar oor te dra. (1)

- 4.12 Wat is die term vir die reeks tegnologieë wat dit moontlik maak dat mens 'n toestel aan 'n USB-poort kan koppel en feitlik dadelik begin gebruik? (1)
- 4.13 Gee die naam van die soort wysertoestel wat waarskynlik saam met hierdie rekenaar voorsien word. (1)
- 4.14 Een van die items se spesifikasie is ooglopend verkeerd. Skryf die korrekte spesifikasie vir die item neer. (1)

[18]

Vraag 5 – Hardware (2)

- 5.1 'Gamers' word aangeraai om 'n afsonderlike grafikakaart (nie die ingeboude een nie) in hul rekenaars te gebruik vir die beste 'gaming'. (1)
- 5.1.1 Verduidelik kortliks die rede hiervoor. (1)
- 5.1.2 Watter spesifikasie van 'n monitor is baie belangrik vir 'n 'gamer', om te verseker dat die beelde in vinnig bewegende speletjies skerp vertoon en nie spookagtig raak nie? (1)
- 5.2 Ouers soek soms raad oor die soort drukker wat hulle moet aankoop, wat vir skoolprojekte vir hul kinders, asook vir algemene gebruik moet dien. (1)
- 5.2.1 Gee EEN rede hoekom 'n laserdrukker die beste keuse vir hulle mag wees, afgesien van enige redes wat met die gehalte van uitdrukke of koste verband mag hou. (1)
- 5.2.2 In sekere gevalle sou mens aanbeveel dat hulle 'n multifunksiedrukker aankoop. Gee TWEE voordele van multifunksiedrukkers, behalwe vir die feit dat hulle 'n verskeidenheid funksies in een toestel bied. (2)
- 5.2.3 Gee die alledaagse term vir sagteware wat dit vir 'n rekenaar moontlik maak om met hardware soos 'n drukker te kommunikeer. (1)
- 5.2.4 Wat beteken 'n regmerkie op 'n drukker-ikoon (in die Control Panel) soos hieronder aangedui?:



- 5.3 'n Klant wat in die vermaaklikheidsbedryf werk, sê dat sy hardeskyf se stoorplek min raak en dat hy nou 'n eksterne hardeskyf wil aankoop. (1)
- 5.3.1 Watter soort lêers het waarskynlik veroorsaak dat die skyf se stoorruimte opraak? (1)
- 5.3.2 Gee EEN potensiële voordeel van 'n eksterne hardeskyf vir die klant, behalwe vir die feit dat dit die probleem van te min stoorplek oplos. (1)

- 5.4 Jou oom kla dat sy gewrigte seer word wanneer hy baie tikwerk doen.
- 5.4.1 Wat is die naam van die mediese toestand waaraan jou oom waarskynlik ly, wat sy gewrigte so beïnvloed? (1)
- 5.4.2 Gee TWEE ander algemene gesondheidswenke vir die gebruik van rekenaars, behalwe die gebruik van ergonomies ontwerpte apparaat. (2)
- 5.5 'n Plakkaat met wenke oor die omgewingsvriendelike gebruik van rekenaars moet by die toonbank vir e-rommel opgeplak word.
- 5.5.1 Wat is die algemene term vir die gebruik van rekenaars op 'n omgewingsvriendelike manier? (1)
- 5.5.2 Verduidelik kortliks hoekom e-rommel nie net gewoonweg in vullisdromme gegooi mag word nie. (1)
- 5.5.3 Gee TWEE wenke wat op die plakkaat ingesluit kan word oor hoe om minder papier te gebruik. (2)
- 5.6 Koordlose muis en sleutelborde is baie gewild.
- 5.6.1 Gee EEN rede vir die gewildheid van koordlose toestelle, in teenstelling met bekabelde toestelle. (1)
- 5.6.2 Koordlose muis en sleutelborde hou soms ophou werk vir geen klaarblykbare rede nie.
Gee EEN moontlike rede hiervoor. (1)
- 5.7 Verskeie skandeertegnologieë word in die winkel gebruik.
- 5.7.1 Die kode hieronder word as 'n etiket aan artikels wat te koop is, geheg. Gee TWEE voordele van die skandeertegnologie wat by sulke etikette gebruik word, bo ander handtoevoermetodes. (2)




- 5.7.2 Partykeer is die swart strepe op hierdie etiket beskadig en kan dit nie deur die skandeertoestel gelees word nie.
Watter ander toevoertoestel kan gebruik word om die numeriese kode vas te lê? (1)
- 5.7.3 Gee die naam van die soort kode wat hierna aangetoon word, en gee EEN soort inligting wat gewoonlik in so 'n kode vervat is. (2)




- 5.8 'n Gestremde man het skermleessagteware kom koop, om hom te help wanneer hy sy rekenaar gebruik. (1)
- 5.8.1 Aan watter soort gestremdheid ly die persoon waarskynlik? (1)
- 5.8.2 Watter afvoertoestel sou nodig wees om hierdie sagteware te laat werk? (1)
- 5.9 Die winkel verkoop verskillende speletjietoestelle. (1)
- Noem EEN tipe speletjietoestel, behalwe 'n *joystick*. (1)
- [26]**

Vraag 6 – Sagteware

- 6.1 Op elke rekenaar wat in die winkel verkoop word, is daar reeds 'n bedryfstelsel geïnstalleer. (2)
- 6.1.1 Verduidelik kortliks hoekom elke rekenaar 'n bedryfstelsel moet hê deur na TWEE funksies van 'n bedryfstelsel te verwys. (2)
- 6.1.2 Watter gewilde bedryfstelsel het weergawes met die byname Lollipop, Marshmallow en Nougat? (1)
- 6.2 Klante versoek soms 'n demonstrasie van die Windows-werkskerm en kieslysstelsel. (1)
- 6.2.1 Hoekom word sekere teëls (ikone) op die werkskerm 'live tiles' genoem? (1)
- 6.2.2 Verduidelik die betekenis of implikasie van die pyltjies na regs op die volgende skermkopie van 'n kieslys:



- 6.3 Die volgende dialooghokkie het verskyn toe jy probeer om 'n sekere lêer oop te maak: (1)



- 6.3.1 Wat is die mees waarskynlike 'probleem' met die lêer wat jy probeer oopmaak het? (1)
- 6.3.2 Gestel jy weet dat dit 'n video-lêer is. Gee EEN manier hoe jy kan probeer om die lêer oop te maak sonder om enige van die opsies wat in die dialooghokkie aangebied word te probeer. (1)
- 6.3.3 Gee die naam van 'n nutsprogram wat by die bedryfstelsel ingesluit is, wat jy kan gebruik om hierdie skermkopie 'vas te lê' of te kopieer. (1)

- 6.4 Jou oom kan nie 'n lêer genaamd STARLITE.PNG op sy rekenaar opspoor nie. (1)
- 6.4.1 Watter *soort* lêer is dit? (1)
- 6.4.2 Gee TWEE wenke oor die beplanning van 'n logiese lêergidsstruktuur. (2)
- 6.4.3 Jou oom kry uiteindelik die lêer, maar vee dit toe per ongeluk uit!
Noem die spesiale lêergids op die werkskerm wat hy kan gebruik om die lêer te herstel of terug te kry. (1)
- 6.5 'n RTT-onderwyser het 'n Math Tutor-sagtewarepakket gekoop en 'n terreinlisensie (*site license*) daarvoor gekry.
Verduidelik kortliks wat 'n terreinlisensie-ooreenkoms is in terme van die aantal rekenaars waarop die sagteware geïnstalleer mag word. (2)
- 6.6 Jou oom word dikwels oor verskillende kategorieë sagteware uitgevra. (2)
- 6.6.1 Verduidelik kortliks wat *Shareware* is. (2)
- 6.6.2 Gee die naam van 'n kategorie sagteware (behalwe *Shareware* en oopbronsagteware) wat jy kan kry sonder om daarvoor te betaal en wat jy so dikwels as wat jy wil kan installeer. (1)
- 6.6.3 Gee TWEE potensiële nadele van oopbronsagteware. (2)
- 6.7 Verduidelik kortliks hoekom jou oom korrek is om nooit rugsteunkopieë van sy programlêers, soos *Word* en *Excel*, te maak nie. (1)
- [20]**

Vraag 7 – Netwerke

- 7.1 Jou oom gebruik verskeie digitale kommunikasiemetodes om met verskaffers in aanraking te bly.
Noem EEN so 'n metode, behalwe kitsboodskappe (*instant messaging*). (1)
- 7.2 Die rekenaar in jou oom se kantoor tree as 'n bediener op.
Wat is die hoof funksie van 'n bediener in 'n netwerk? (1)
- 7.3 Klante wat die internetkafée gebruik, word aangeraai om enige lêers wat hulle skep in die 'cloud' te stoor. (1)
- 7.3.1 Gee EEN voordeel daarvan om lêers in die *cloud* te stoor. (1)
- 7.3.2 Gee EEN voorbeeld van 'n *cloud*-stoordiens. (1)
- 7.4 Bespreek kortliks EEN potensiële nadeel van 'n netwerk, behalwe enige sake wat met hardeware of sagteware op die netwerk, of met koste, te doen het. (1)
- [5]**

Vraag 8 – Inligtingsbestuur

8.1 Jou oom het uitgewerk dat daar maandeliks gemiddeld 65 mense per dag sy winkel besoek. Verduidelik kortliks waarom hierdie getal (d.i. 65) inligting voorstel, eerder as net 'n stukkie data. (1)

8.2 Jou oom wil uitvind hoekom mense eksterne hardeskywe koop.

8.2.1 Verduidelik waarom die volgende vraag, wat hy in 'n vraelys gevra het, 'n voorbeeld van 'n *geslote* vraag is:

Hoeveel mense in julle huishouding het 'n rekenaar?
(Mark die toepaslike hokkie)

1 ☐ 2 ☐ 3 ☐ 4 ☐ meer ☐

8.2.2 Verduidelik waarom dit oor die algemeen beter is om 'n vraelys op só 'n manier te skep dat 'n respondent eerder 'n antwoord moet kies (soos hierbo), as om een in te vul. (1)

8.2.3 Mens kan ook inligting oor hierdie onderwerp vanaf 'n wiki soos Wikipedia verkry. Verduidelik kortliks wat 'n wiki is. (2)

[5]

Vraag 9 – Oplossingsontwikkeling

Mens moet goed met Microsoft Office-pakkette kan werk om bestellings te kan verwerk.

9.1 Gee EEN rede waarom mens die *Save As*-opdrag, eerder as die gewone *Save*-opdrag sal gebruik wanneer jy 'n bestaande dokument wil stoor. (1)

9.2 Die sleutelbord-kortpad <Ctrl><X> word dikwels deur die kortpad <Ctrl><V> gevolg. Watter aksie voer mens met die kombinasie van hierdie twee kortpaaie uit? (1)

9.3 Verduidelik waarom dit belangrik is om te sorg dat jy die woord reg spel wanneer jy 'n woord by *Word* se ingeboude woordeboek voeg. (1)

9.4 Gee EEN ekonomiese rede (wat met koste te doen het) waarom mens nie die verstek (*default*) -bladsykleur (wit) van *Word*-dokumente sou verander nie. (1)

9.5 Gee EEN rede waarom mens soms die Tabs-dialooghokkie moet gebruik wanneer jy *tabs* in 'n *Word*-dokment stel, en nie net *Word* se liniaal kan gebruik nie. (1)

9.6 Wat kan mens doen om 'n *Excel*-werkblad op een bladsy te laat inpas wanneer jy dit druk, behalwe om die font kleiner te maak? (1)

[6]

TOTAAL: 100